**24 Februarie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 4:8-23**
**Fokusgedeelte: Handelinge 4:19, 20**

## Ons kan nie anders nie

*Dit is onmoontlik, ons kan nie anders nie,* sê Petrus en Johannes. Ja, al doen die owerhede ook wat. Selfs al beteken dit vir die twee apostels verdere tronkstraf of selfs die doodstraf, daar is geen manier hoe die owerhede hulle die swye gaan oplê nie. Hulle word immers deur God se Gees gedryf om van die Here Jesus se verlossingswerk te getuig. En hulle sal eenvoudig net aan God gehoorsaam wees!

Wat is dit wat Petrus en Johannes so vasberade maak? Wat is dit wat hulle dwing om openlik te sê dat hulle nie aan die owerheid gehoorsaam sal wees nie? Luister na wat hulle sê: *Wat ons betref, is dit onmoontlik om nie te praat oor wat ons gesien en gehoor het nie*. Hulle het gesien en gehoor. Hulle het die laaste jare daagliks die Here Jesus gesien en gehoor wat Hy preek. Hulle het die kruisiging en begrafnis van die Here Jesus gesien en Hom ook weer gesien nadat Hy opgestaan het. Hulle het gesien hoe Hy na die hemel opvaar. Hulle het die geluid soos van ’n geweldige stormwind gehoor en die tonge van vuur gesien toe die Heilige Gees uitgestort is. Hulle kon nie stilbly oor dinge waarvan hulle een honderd persent oortuig was nie.

Ons as gelowiges kan ook nie stilbly nie. Ons kan nie anders as om te getuig nie. Die Here Jesus is vir ons net so ’n werklikheid. Deur sy Woord en Gees het God Homself volledig aan ons geopenbaar. Ons staan in ’n persoonlike en lewende verhouding met ons Verlosser, Saligmaker en Koning. Ons word ook deur die Gees gedryf om te praat. Ons wil aan mense vertel wat Hy aan ons gedoen het.

*Sing: Psalm 66:7 (1936)* *Dr. DJ de Kock (Krokodilrivier)*